191.T.5(62)

# Die Mense van die Gelofte.

I **Alg. Inl.**

Komitée het dit goedgedink om twee toesprake van my te verlang. Seker twee redes voor: (a) gedink ek kom van ver, en dit doen 'n mens nie net om één toespraak te hou hou nie. Of (b) ek moes verlede jaar gekom het, toe het dit nie gebeur nie, nou moet ek één toespraak lewer vir verlede jaar en één vir vanjaar. Maar ek kry my gehoor jammer, want nou moet hulle twee keer op één dag na my luister.

Maar ek verwelkom dit tog, want op 'n dag soos Ding.-dag wil 'n mens oor die Geskiedenis praat, en ook oor die kulturele belange van ons volk. Nou kry ek die kans hiertoe. Wat meer is 'n mens wil graag aan die één kant meer bepaald vir die kinders en jong mense praat; aan ander kant meer bepaald vir ouer mense. En ook hiertoe kry ek nou kans. Eerste toespraak, dié van oggend, sal meer bepaald vir jong mense; tweede, dié van middag, meer bepaald vir ouer mense. Ook baie paslik so, want jeug is in die oggend

van die lewe; ons mense is in
die middag, in volheid, van lewe.
Nou wil ek my daar eers tot jeug wend.
Dis wel nie so maklik nie, want
jeug is maar woelig — twee seuns,
en aardbewing! Maar dis nodig
om op 'n dag soos hierdie tot
hulle te praat, en ek weet
hulle sal mooi luister.
Verduidelik nou eers wat gedoen
sal word: besonderhede oor lewe
van twee persone uit tyd van
Groot Trek. Maar geen name word
genoem nie; luister egter mooi en
dink na. Later word name gevra.
Vóór die tyd mag niemand naam
noem nie.

II <u>Piet Retief.</u>
Gebore 1780, Wamakersvallei. Jong dae
in Stellenbosch. Dan na Oosgrens.
Sakeman en boukontrakteur. Ontevre-
denheid met beleid van Reg. Boere
wil trek. Hy hou eers teë. Dan
in 1837 trek hy self ook. Word
Goewerneur van Trekkers. Wil grond
vir Trekkers kry. Na Dingaan,
2 keer. Moord, Dinsdag, 6 Feb. 1838.
Dokument in my leessakkie.
Wie was hy?

III <u>Gert Maritz.</u>
Swaarder een as voorgaande. Luister
egter mooi. Hy is gebore in 1798

in Sneeuveld. Sy jeugjare naby Uitenhage. Ouers baie godsd. mense — sendingwerk. As jong seun van 17 jaar het hy waarskynlik die treurspel van Slagtersnek bygewoon. In werkswinkel van sy vader het hy timmer- wamaaksambag geleer. Later welvarende wamaker op Gr.-Rt. Ook veldkornet. Ontwikkelde man vir sy tyd. ~~Leier~~ Een van eerstes om te trek. Leier onder Trekkers. Veral bekend as wetgewer en reëlaar. Man van groot deursettingsvermoë en 'n sterk persoonlikheid. Leier op strafekspedisie teen Matabeles — groot oorwinning by Mosega. In tyd van nood die steunpilaar op wie die Trekkers teruggeval het. Nadat Retief vermoor was, was hy die man wat die verdediging ~~...~~ georganiseer het. Maar hy het nie lank daarna nog geleef nie; nog maar in bloei van sy lewe (41) toe hy oorlede is, Saterdag, 22 Sept. 1838 baie siek; die nag 23ste, Sondag, word hy nog veel ernstiger. Erasmus Smit geroep. Vertroosting. Sterwensboodskap. Uitvaart.
Wie was hy?

IV Andries Pretorius.

Na Natal het Andries Pretorius gekom

Sy kommando bymekaar gemaak – die Wenkommando. Soeloeland in. Sondag, 9 Des. 1838. Die Gelofte. Bloedrivier. Dis hierdie mense wat vir ons Dingaansdag gegee het.

V **Hulle Betekenis.**

Wat is hulle betekenis? Waarvoor staan hulle? Waarvan spreek hulle vandag tot ons? Baie dinge. (1) Onverskrokke baanbrekerswerk; (2) Diepe, suiwere Godsvrug; (3) sterk Nasionale bewussyn; en (4) hoogstaande pligsgetrouheid. – soos jong burger by Jamestown.

VI **Slot.**

Laat Dingaansdag ons terug voer na die mense van die Gelofte. Laat ons besieling uit hulle lewens put. Laat ons ook hulle eienskappe in ons eie lewens openbaar. As ons dit doen, sal ons doen wat die ware Afrikaner pas; en ons sal nie net op 'n waardige voorgeslag roem nie; ons sal van 'n waardige voorgeslag waarlik 'n waardige nageslag wees.